Gebed & julle verander sake

*Ons will graag almal bedank wat na aanleiding van ons laaste nuusbrief se oorsig oor die dinamika van die gee van bydraes (offers), bydraes elektronies hier na die einde van die maand se kant vir ons inbetaal het. Ander doen dit nou al geruime tyd. Dankie ook aan julle en aan almal wat op ander maniere bydrae. Dankie ook vir die anonieme bydraes! Soos laas gemeld is dit 'n opoffering vir almal, en daarom waardeer ons dit des te meer. Dit bly egter steeds elke persoon se keuse of, hoe, en wanneer om by te dra.

* Die dinamika van die jaarlikse Julie maand Transformasie konferensies in Argentinië het heeltemal verander. Dis nou nie meer 'n konferensie nie maar eerder 'n persoonlike reis. Daar is wel nog opleidings geleenthede maar dis meer gerig op uitreike, hoofsaaklik straat evangelisasie en bly die groep by plaaslike Christene en nie meer in hotelle nie. Dit verminder die kostes baie. So van die kantlyn af help ons met van die reelings, en die bemarking. Die besoek bly steeds 'n lewensveranderende ervaring. Bid ook vir die geleentheid en vir die groep van Suid-Afrika wat gaan. Dit vind plaas van 26 Junie tot 6 Julie.

* Ons is genooi om van 19 tot 21 Julie die twee jaarlikse WENSA konsultasie in Muldersdrif by te woon. Dit is 'n netwerk byeenkoms vir kerk- en sending leiers van oor die land. Die 22e bied Ed Silvoso 'n dag konferensie in Johannesburg aan en beplan ons dan ook om dit by te woon. Ons vra julle voorbidding vir die byeenkomste. Die kerk in Suid-Afrika staan voor 'n waterskeiding in sy sending roeping en sal veral die WENSA konsultasie hopelik meer rigting gee.

* Ons het die Bybelverkope by Tannie Jemima oorgeneem en doen dit nou gewoonlik die eerste Vrydag van die maand in OK Grocer se foyer in Mark Straat. As iemand Bybels benodig of van die ander materiaal, stuur hulle asseblief soontoe. Datums is as volg 1 Julie, 5 Aug, 2 Sep, 7 Okt, 4 Nov en 2 Des. Daar is baie Somaliese Moslems in die omgewing wat by die tafel verbyloop. Persoonlike kontak is buite die kwessie omdat hulle mekaar met valk oë dophou. www.noloshacusub.net, is 'n webtuiste waar Somaliese Bybels en ander materiaal afgelaai kan word. Ek gaan die adres maar volgende keer groot uitdruk en net daar iewers vassit waar hulle dit in die verbyloop kan sien. Daar is ook 'n hele klomp rastas en hulle lidmate op die sypaaidjie net buite die deur saam met al hulle kruie. Bid ook vir die uitreik asseblief, en dat die sypaaidjie 'n saaipaaidjie sal word.

Ons Visie:Om God se Koninkryk te vestig deur gebed, evangelisasie en maatskaplike aksies. **Ons Missie**: Gebed, Evangelisasie, Mobilisasie, Transformasie

ONS BESONDERHEDE

9 Brocket Straat; Tel:0419228308 (huis); Pierre Sel: 0833703592
Sugnét Sel: 0834014517; www.goandproclaim.co.za
E-pos: outreach@global.co.za

Baie dankie aan NG Kerk Uitenhage-Noord vir hulle ondersteuning en NG Kerk De Mist -gemeente vir hulle ondersteuning en die gebruik van die huis.

GAP NUUS

"...verkondig elke dag Sy reddingsdade" - Ps 96:2

Junie 2011

Persoonlike Nuusbrief van Pierre, Sugnét, Pieter en Eldi van Wyk

Liewe Vriende

Ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus. Hierdie nuusbrief is weereens volgeprop en deel ons die belangrikste nuus graag met julle. Vir die van julle wat nie in Uitenhage woon nie, die stukkie aarde is sommer behoorlik nat na 'n lang droogte. Dit is soos ons hierdie deel van die wereld ken, groen maar koud en nat in die winter.

Ons webwerf hou ons op datum met die nuutste ontwikkelinge en gebeure so gaan kyk gerus ook daar. Ons kry besoekers en gebedsversoeke van uit die uithoeke van die wêreld. Ek dink nie dis doelbewus nie maar waarskynlik toevallig dat mense op die webwerf afkom. Ons probeer hom gevolglik meer besoekers vriendelik maak en voeg inligting by wat mense wat soekend is, gewoonlik voor soek. Onderwerpe soos: Bestaan God regtig?; Is God liefde?; Is die Bybel waar?; Bestaan engele?; Wat is die duiwel?; Was Jesus 'n profeet? is die tipe inligting waarna mense soek op die internet. Ons sal later dié onderwerpe byvoeg. Daar is meer as 2 biljoen mense elke dag op die internet. Dit bly 'n wonderlike geleentheid om mense te bereik. Gebeure (events) wat ons lys verskyn outomaties op www.pechurchnet.co.za so dit maak die bemarking daarvan baie makliker. Van die ander bladsye het meer inligting oor die goed waarme ons besig is. Ons sal graag julle kommentaar wil hoor en wil hoor watter tipe inligting is mense op soek na. Besoek die "contact us" bladsy waar enige person kommentaar kan los. Ek weet nie presies hoe dit werk nie maar hoe meer keer 'n webblad besoek word hoe groter is die kans dat hy iewers in 'n soek enjin gaan opduik. Die facebook "like" knoppie is onlangs bygevoeg. Dit het dieselfde effek. Hoe meer mense ons "like" hoe groter is die kans dat ons webblad iewers gaan opduik.

Sugnet het die kwartaal weer begin met kunsklasse en vertel sy bietjie meer daaroor hier.

Ja, ek weet nie of dit kunsklasse, kuierklasse of “vir mekaar omgee” - klasse is nie. Ons kom op ’n maandag of Dinsdag by “Die Opstal” by-mekaar en is besig met die basiese goed wat jy moet weet as jy wil teken of verf. Ons gebruik op die oomblik net potlood of pen sodat ons nie te veel van ’n gemors kan aanvang nie. Dit is interessant om te sien hoe monde en hande in ritme beweeg in die tye wat ons net soveel werk as gesels.

“Die Opstal” se her-vul koffies hou ons wakker as die konsentrasie deur ’n dip gaan gedurende die 3 ure se werk. Vir ons figure is die eet-goed wat daar naby uitgestal word nie altyd ’n aanwins nie. Die klasse het groot begin en minder geraak soos wat mense werke gekry het of getrek het, wat nie lekker was nie, maar die kleiner groep van 5 in ’n klas maak dat almal gesels, en in mekaar belangstel. As ek in die mid-dag by die huis kom , se ek gewoonlik vir Pierre ek weet nie regtig of kuns die hoofrede is vir die klasse nie. Ons is al aan die bid vir mekaar se kinders, huwelike, nuwe werke, geduld, gesondheid, genesing van die verlede en ’n hele reeks “confessions” van hoe ons drooggemaak het. As dit na ‘n berading-sessie begin klink, dit is dit allermins... ons het geleer om saam te lag, en is dit nie lekker nie. Die kunsklas gee ons waardering vir mekaar se talente en respek vir mekaar se lewens-omstandighede, sommige is blakend gesond en ander veg elke dag om fisies te kan wen. Van hulle het te min om te doen en is verveeld, an-der van hulle het te veel om te doen en ontsnap kunsklas toe. Ek is oortuig daarvan dat die Here elkeen van ons gebruik waar ons werk... dat Sy Lewe kan deurvloei ... ek bedoel nie dit kom in die kunsklas net van my nie, dit kom uit ons almal na mekaar ... soos strome lewende water wat mekaar se dors les. Want Jesus het in ons midde kom staan. Die kursus maak einde Augustus klaar en dan moet ons besluit wan-neer ons aangaan met ‘n kursus in kleur.

Sommer iets anders van Sugnet...
DIT IS TYD IN UITENHAGE... om mekaar lief te hê en onvoorwaardelik te aanvaar. Ons moet mekaar bemoedig en met ’n doelgerigtheid bid vir mekaar se kinders. Van einde verlede jaar het ons begin om ons vriende se kinders se name in die kombuis op te skryf en soos ons dit raaksien, die Here te vra om die kinders te seën en vir hulle alles te laat word wat Hy vir hulle beplan het. Die tyd is reg om seën uit te spreek op mekaar se huwelike, mekaar se kinders en saam te staan vir deurbrake. Kom ons doen dit !

hidroponika (net plante) en akwakultuur (net vis). So sisteem lewer beide protiëne en vars groente. Daar is nerens plaaslik ’n instansie wat ‘n kursus aanbied of wat al prototipes ontwikkel het nie. Dit word egter met groot vrug oorsee, en op baie plekke in die Derde Wêreld suksesvol togepas. Die doel van dit alles is om sisteme te vind, en te help vestig wat mense in arm gemeenskappe kan help om selfonderhoudend te wees sonder dat dit hulle te veel gaan kos. Dit vat alles tyd maar dit maak deure oop en gee ons geleenthede om met mense te praat ook oor goed wat hulle lewens elke dag raak, en om saam met hulle te bid.

DAARS WATER!

Ons 2010 September nuusbrief het begin met ‘n kriptiese beskrywing van die droogte, uit die Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Op daardie stadium was dit bitter droog, en was die beramings dat ons teen Mei die jaar klaar gebad moes gewees het want daarna is die water gedaan. Gedurende Oktober het Uitenhage se kerke een mid-dag in die Sportsentrum bymekaar gekom en het ons ons voor die Here verootmoedig, en gebid vir reen. Daarna het dit by verskeie geleenthede gereen, niks dramaties nie maar dit het gereen en dit het so gereen dat die vernaamste damme hier rondom ons se vlakke stelselmatig begin styg het. Die groot reen het so paar weke terug hier in Uitenhage gekom met my buurman se meter wat ‘n paar keer oorgeloop het in twee dae. In die emmer bo in die plafon het ek se-ker 50mm gemeet so dit het wragtig gereen. Vanoggend het dit weer begin sous! Die grootste hindernis in die opheffing van beper-kings bly die vlak van die Kouga dam by Patensie wat sy water uit die Baviaans, die Groot Rivier wat daar by Steytlerville wegtrek en die Kouga rivier in die Langkloof kry. Ons het die afgelope naweek in die Langkloof ’n vinnige draai gemaak saam met ’n spannetjie voor-bidders van George om ook daar te bid vir reen. Daar was sedert-dien ook daar baie goeie berigte van reen. Party mense sal sê alles is toevallig, “dit sou in elk geval gereen het”. Ek twyfel! Daar was sedert die gebedsinisiatiewe begin het, ook op ander plekke, nie ‘n oombliklike uitkoms nie maar daar was feitlik dadelik ‘n ommekeer. Die damme het voller begin word en nie leër nie. Ek dink dit is niks anders as ’n wonderwerk nie. Nou loop hulle so lekker oor soos Ga-tiep wat Maraai na ‘n maand weer gesien het. In my eie hart het die Here my kom bemoedig en met groter ywer gedring om vir hierdie land van ons, en sy mense te bid. Die Here kan, en wil ook die geestelike reen stuur. Maar dan sal ons moet bid..., of anders gaan ons iets anders as vir Maraai sien!

terige perseel te hê waar die tuindienste dit kan aflaai, en waar daar water is. Dan kan die kompos daar gemaak word. Ek het al gedink aan die golfbaan of die skole (wat reeds gesuiwerde riool water kry). As iemand dalk raad het laat my weet. Dit het potensiaal vir werkskepping. Ander rou material wat werk is lemoene, alhoewel dit swaar is om te vervoer. Die voordeel is dat mens dan minder water nodig het. Die heel beste is groen mielie reste, dit is heelwat ligter om te vervoer, het vog in, maar ons is vrek ver van die Vrystaat af. Ek sal enige iets wat kan werk, aanry, so laat my net asseblief weet. Ek is ook op soek na ‘n ou elektriese petrol grassnyer wat ons wil ombou in ‘n “shredder”. Hoe kleiner die deeltjies van die rou material wat gebruik word hoe vinniger is die komposterings proses. Is dit nie makliker om ‘n sak kunsmis by die koöperasie te koop nie? Virseker is dit makliker, maar ons werk met mense wat verseker nie hulle geld op kunsmis gaan spandeer nie. Afgesien daarvan is die voordele wat kompostering vir die omgewing inhou, legio. Ons help tans ‘n projek in Greenfields om ‘n prototipe daar te vestig alhoewel dit nog op ‘n klein skaal is. Baie vriende van die township het al kom kyk en almal raak opgewonde maar ek weet nou al dit gaan net ‘n rukkie werk vir hulle. Ek is op soek na die persoon wat regtig belang stel, nie omgee om vuil te word nie en bereid is om elke dag ‘n uur of twee te werk. Hulle is daar en ek het al ’n paar opgespoor. Ons will hulle toerus en motiveer sodat hulle weer ander kan gaan oplei. Die plan is ook om hulle aan ander groter projekte bloot te stel, en dalk kan hulle eendag hulle eie bedryf begin.

Die kompos tee as voedsel aanvulling werk ook goed vir die hidroponika. In hidroponika groei die plante nie in grond nie maar in water. Komersiële plant voedsel aanvullings is ongelooflik duur so as ons op die lang duur met kompos tee kan regkom dan kan ons die sisteem aansienlik uitbrei. As proef gebruik ons emmers en polistirene houers. Sover lyk dit asof dit werk. As alles goed gaan behoort ons teen Oktober ’n prototipe te hê wat koste effektief gedupliseer kan word. Die volgende is dan ‘n akwaponika projek waar visse bygevoeg word in die sisteem. In so sisteem vervang die visreste (mis) en die biologiese proses wat in die water plaasvind die nodigheid van plant voedsel aanvullings. Dit is veral iets wat moontlikhede vir die plaas en ander waterryke areas inhou. Die dam, en helder skoon water is reeds daar. Die vis (Talapia) is op Grahamstad verkrygbaar by die Akwakultuur Instituut. Hulle hou weer ’n kursus van 12 tot 16 September en sal ek dit graag wil bywoon, maar dis baie duur. Akwakultuur is eenvoudig maar tog ook gekompliseerd so ek sal eers die kursus wil doen voor ons ‘n akwaponika prototipe ontwikkel. Akwaponika is die “huwelik’ tussen

HERLEWING

Herle’we, herleef, 1. Opnuut lewe; oplewe. 2. Heradem; voortlewe. 3. Weer gesien word. 4. Opbloei;...**le’wing.** (Verklarende Afrikaanse Woordeboek)

Nerens in die Nuwe Testament kon ek ‘n verwysing kry na die woord herlewing nie en kan mens daarom seker met geredilikheid aanvaar dat dit nie ‘n Bybelse begrip is nie, en is dit waarskynlik ‘n term wat soos baie ander, geskep en algemeen gebruik word om ons te help om ‘n bepaalde Bybelse gebeurtenis beter te verstaan. In die algemene spreektaal en in die literatuur is daar baie verwysings na herlewings, en is baie boeke daaroor al geskryf. Daar is ook redelik eenstemmigheid daaroor dat herlewing in verband gebring word met ‘n bepaalde geestelike belewenis in ‘n persoon se lewe. Met geestelik bedoel ek bonatuurlik en is dit daarom ‘n aksie wat deur God geïnspireer en geïnisieer word. Hoe hard ons ookal probeer, en daar is baie mense wat dit doen, is dit vir die mens onmoontlik om bonatuurlike ervarings te laat gebeur. Ons kry baie keer van hulle wat hier by die voordeer aangeslinger kom. Daar is altyd ‘n geestelike mag of krag betrokke by ‘n bonatuurlike ervaring. Dikwels in die geval van ongelowiges is dit ‘n demoniese mag. Herlewing kan daarom verwys na ‘n geestelike belewenis wat vir ons of nader aan God bring, of verder van Hom af wegneem. So byvoorbeeld sou ons kan sê daar is herlewing onder die Sangomas, en ek dink daar is.

Ek wil nie wees soos ‘n sondagskool onderwyser nie maar dit help my ook as ek oor die goed skryf. Herlewing in die konteks van ons as kinders van die Here het ‘n verwysing dan na ‘n intense ervaring van God se teenwoordigheid. Dit is bonatuurlik, menende dat ons ’n ervaring beleef wat nie aards en alledaags is nie. Vir iemand wat die Here ken is dit ’n oplewing, soos in die definisie hierbo. Vir iemand wat die Here vir die eerste keer ontmoet, is dit nuwe lewe. In beide gevalle is dit ’n spesiale ervaring wat deur elkeen van ons anders beleef word. Daar is gewoonlik drie elemente teenwoordig. Eerstens is daar ‘n bewustheid van ons sondige aardse karakter en verlorendheid, en ‘n grype na God. Dit is daai leegheid hier binnekant ons. Tweedens is daar ‘n geestelike ervaring waar ons of redding beleef, waarna ‘n persoon verlig voel, of verlossing beleef waarna ’n persoon vry voel, of geestelike genesing beleef, waarna ’n persoon heel voel, of ‘n kombinasie hiervan. Dis daai volheid hier binnekant ons. Hierdie is die bonatuurlike ervaring waarna ek verwys het. Dit is God

se werk deur Sy Gees wat hier in ons binnekante kom woel en op ‘n onsigbare manier dinge kom herstel op ‘n manier wat geen mens dit kan doen nie. Derdens is daar gewoonlik ‘n klomp energie wat loskom en ‘n mens motiveer om vir ander te gaan vertel wat gebeur het. Dis daai brandende gevoel hier binne ons.

In die Bybel is daar ‘n legio insidente waar mense hierdie ervarings gehad het. Seker die bekendste is, en waarna algemeen verwys word as die eerste groot herlewing in die Kerk se geskiedenis was met die uitstorting van die Heilige Gees in Handelinge. Hierdie keer was dit anders in verskeie opsigte maar veral omdat so baie mense tegerlykertyd daardeur geraak is. Hierna was daar verskeie soortgelyke gebeurtenisse gewees in die Kerk se geskiedenis. Die vorm daarvan het telkens verskil maar daar was elke keer gemeenskaplike elemente. Verskeie boeke is oor die groot en kleiner herlewings geskryf en word daar algemeen tussen die jaar 1300 en 1904 tien groot herlewings onderskei waarop ek nie nou wil uitbrei nie. Dis maar saai leeswerk. Hoe mense se lewens in hulle eie woorde daardeur geraak is, is baie interessanter om te lees. Lees maar gerus stories soos die van Mel Tari. Sedert 1904 is daar verskeie herlewings gerapporteer maar was dit beperk tot sekere geografiese areas. In Suid Afrika was, en is sending stasies dikwels die plek waar herlewings plaasgevind het, en steeds plaasvind.

Ons land se toekoms lyk nie baie rooskleurig met die huidige en toekomstige leierskap nie en uit benoudheid soek al hoe meer mense na stilhou plek om te bid. Ek ook want ek kan waaragtig nie sien hoe iemand wat nie eers kan houtwerk doen die land kan regeer nie. Maar ek is in my gees al hoe meer oortuig dat dit nie die rede moet wees hoekom ons die Here se aangesig moet soek nie. Ons moet bid, en Sy aangesig soek omdat mense **HOM** nie ken nie, en nie omdat hulle nie kan houtwerk doen nie. As mense in groot getalle hulle harte na God toe terug draai gaan dit outomaties ’n genesende invloed hê op al die swere in ons samelewing. Daar is tans ‘n beweging in die land aan die gang om te bid dat daar ’n grootskaalse terugkeer na God sal wees, en dat die wat die Here ken weer ’n honger sal ervaar om te bid vir die wat nie die Here ken nie. Ek glo in my hart dit is nie ’n politieke beweging, ongegag die aard daarvan, wat die land gaan verander nie maar ’n beweging van God se Gees wat mense na Hom toe terug gaan dring. Ons wil ieder een uitnooi om deel te word van hierdie beweging, en om geleenthede wat daarvoor geskep word te benut, soos hulle in die bo vertrek gedoen het. Die kanse word dan al hoe beter dat ons iemand gaan kry wat die land gaan regeer, en wat kan houtwerk doen. Dit sal die bonus wees!

EET JOU GROENTE!!!

Die prototipe in ons agterplaas toon goeie vordering. Ons het ‘n groot voordeel bo die binneland met ons matige winters. ’n Soortgelyke projek sou al lankal op plekke waar ryp algemeen is, tot stilstand gekom het. Verlede winter het ons een dag gehad wat dit geryp het, die jaar voor dit geen enkele dag nie en ook nie sover dié jaar nie. Dit maak dit moontlik om reg deur die jaar groente te kan verbou. Dis ongemaklik maar die nat winter is ook manna uit die hemel. Ons is nog steeds in ’n leerkurwe maar maak ons goeie vordering. Ons maak ons eie kompos en uit die kompos maak ons kompos tee wat as plant voedsel aanvulling gebruik word. Ons gebruik niks anders nie. Tot dusver het dit goeie resultate gelewer. Die tamaties groei 2m plus met gemak. Die groente is ook redelik siekte en insek vry. Ons probeer ook organiese metodes van plaagbeheer. Tamatie, aartappel en eiervrug blare (almal is van dieselfde familie), is giftig hoor ek nou die dag omdat dit alkaloïde bevat. Kap dit fyn en meng met water doen ek toe, en laat dit oornag week. Gooi dit deur ’n sif en gebruik dit as gifstof teen insekte en veral miete. Dit werk nogal. Moet dit net nie drink of ander idees daaroor kry nie. Soos ons lees, toepas en leer werk ons die inligting in ’n handleiding in wat ons hopelik teen die einde van Julie gereed sal hê. Dit sal as platform dien om mense op te lei. Om dit maklik te maak het ons die projek in vier dele, of stasies ingedeel (basies die inhoud van die handleiding) en ’n kleur toegeken aan elke stasie om dit maklik te identifiseer: kompostering (bruin), water en voedsel aanvulling (blou), saailinge (wit) en die groei stasie (groen). Kompostering is ’n wetenskap op sy eie en probeer ons die verskillende metodes uit. Daar is vinnige metodes wat kompos lewer binne 4 tot 6 weke en stadiger metodes wat kompos lewer binne 4 tot 6 maande. Ons verkies die vinniger (warm) metode uit die aard van die saak. Dit is ook vry van skadelike organismes en onkruid. Alles wat nie aard in die hoë temperature nie vrek vinnig in ‘n kompos hoop.

Om organiese materiaal in die hande te kry is soms ’n probleem. Ek laai maar gras op by die tuindienste as ek hulle iewers toevallig sien gras sny. Hulle verstaan nie altyd hoekom ek uit die bloute hulle gras wil wegry nie maar hulle is maar te bly. As julle in Uitenhage sien dat tuindienste iewers gras sny stuur asseblief vir my ‘n sms, veral by skole. Diè gras is redelik onkruid vry. Van hulle het al aangebied om dit by die huis af te laai dan spaar hulle ’n trip tip toe maar dan raak dit weer te veel. So ek sal liewers self oplaai. Die ideaal is om ’n gro-